Van rolstoel tot radio - Paarl Post Oktober 2008

AMADO het verlede week 'n baie belangrike gas ontvang, 'n gas wat die kinders met ander ogies na hul gestremdhede laat kyk het. Toe Martelize Brink, bekende Paarliet en aanbieder vanRSG, uit haarmotor skuif en haar rolstoel uitvou, wou hulle sommer hande klap. "'n Groot vrou, wat soos ons nie self kan loop nie, maar sy ry 'n kar," was die verbaasde reaksie.

'n Week later praat dié kleinspan steeds oor dié wonderwerk. "Ek is bly hulle kon sien dat daar ook geleenthede is virmensemet gestremdhede," het 'n aangedane Martelize later gesê. "Dit wys vir hulle jy hoef nie by die huis tesitenopwelsynsgeldteleefnie.Hullelewe is nie verby nie. "En dis met ondersteuning van mense soos M'Lani dat geleenthede virhulle gebied word." Die kinders van Ligstraal Skool vir Gestremdes, wat terapeutiese perdrylesse by Amado ontvang, het virMartelize vertel hoe "sterk" en hoe "gelukkig" hulle op die perd se rug voel. So ingenome was hulle met die "tannie van die radio" dat hulle later selfs op haar skoot geklouter het.

"Ek was baie diep geraak,"vertel Martelize oor haar ondervinding langs die rysirkel. "Ek het daarna met 'nvriendingepraat en sy wi lnou sommer by haa rvolgende verjaardagpartytjie vra dat die geskenke eerder vir Amado gaan. "Ek wil self een van die kinders borg. Dit is 'n wonderlike werk as 'n mens lief is vir diere en kinders. "Dis fantasties omte sien hoe die kinders reageer, maar seker die treffendste vir my is die passie waarmee M'Lani oor Amado,die kinders en die perde gesels."

Die opname word Donderdagoggend 6 November tussen09:00en10:00opdieprogram Oggend op RSG uitgesaai. Daar sal dan ook foto's op die webblad www.rsg.co.za verskyn.